

**ZXSWB – OPSKORTING VAN VERHANDELING  
AGRIBEL BEHEREND BEPERK - ZXSWB**

ISIN-nommer: ZAEZ00000026

Registrasienommer: 1996/017629/06

(“Agribel” of “die Maatskappy”)

**TYDELIKE OPSKORTING VAN DIE VERHANDELING VAN ALLE AANDELE GENOTEER  
OP DIE ZARX (EDMS) BEPERK BEURS (ZARX)**

Aandeelhouers word in kennis gestel dat die Maatskappy kennis geneem het van die aankondiging deur die Finansiële Sektor Gedragsowerheid ('FSCA') op 23 Augustus 2021 van die tydelike opskorting van verhandeling op ZARX weens die nie-nakoming deur ZARX van die ZARX beursvoorwaardes.

Aandeelhouers word ook in kennis gestel dat alle aandeelhouersfondse in veilige bewaring gehou word by Computershare as die Sentrale Effekte Deelnemer en STRATE as die Sentrale Effekte Bewaarnemer, die strukture wat gevestig is in terme van die Wet op Finansiële Markte, 2012. Daar is derhalwe geen finansiële verhandelingsrisiko's vir aandeelhouers weens die opskorting nie.

Onderworpe aan aandeelhouersgoedkeuring by die komende algemene jaarvergadering op Donderdag, 26 Augustus 2021, sal die beplande korporatiewe aksies soos die voorgestelde dividendbetalings en die keuses van aandeelhouers met betrekking tot die opneem van die skripdividend in plaas van kontant, voortgaan.

Die direksie oorweeg alternatiewe vir die toekoms, indien dit nodig sou wees, en vertrou dat die saak tussen ZARX en die FCSA binnekort opgelos sal wees. Aandeelhouers sal op hoogte gehou word van enige verdere verwickelinge.

In opdrag van die raad van direkteure.

**AE Scholtz**  
**MAATSKAPPYSEKRETARIS**  
**Tel. nr. (076) 212 1776**

**EM Joynt (Mev)**  
**AANGESTELDE ADVISEUR**  
**Tel nr. (018) 464 7104**

Klerksdorp  
24 Augustus 2021